## Die Fondasie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

KONTAKBESONDERHEDE


**Terblanche Jordaan**
Tel: 083.460.45.45
**terblanche1@telkomsa.net**

**Webblad: www.neospektrum.co.za**
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan: dksmith1000@gmail.com**


ACIM: Stad 13/5 en Kolping 23/5
Bejaardesorg: Larél — 071.493.07.10
Geskiedenis van die Bybel: Mei 2019

**Boekgroep**
**Maandag: 3 Junie 2019**
ecs@telkomsa.net
**Marseille 15, Pinehurst**

➢ **bookings@neospektrum.co.za**

BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail____________________________________ Sel______________________

ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel, uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**Maak vir ons 'n Maandelikse Bydrae asseblief**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vir elke bydrae sê ons*
***DANKIE!***

SnapScan
Download APP vir jou foon.

Installeer en gebruik met veiligheid.



# Neo-Spektrum

## 12 Mei 2019

## REBOOT YOUR LIFE
## ~ TAKE RESPONSIBILITY ~

## STILTE IN DIE KAPEL

~ You Raise Me Up — Secret Garden ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

'n Pelgrimslied.
Toe die Here die lot van Sion verander het,
was dit vir ons soos 'n droom.
Ons het gelag en gesing.
Onder die nasies het hulle gesê:
"Die Here het groot dinge aan hierdie mense gedoen."
Die Here hét groot dinge aan ons gedoen; ons was bly.
Verander tog ook nou ons lot, Here,
soos U droë spruite in die Suidland
in waterstrome verander.
Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring.
Al loop hy en huil terwyl hy die saaisak dra,
hy kom juigend terug terwyl hy sy gerwe dra.

— Psalm 126

# ꧁ REBOOT YOUR LIFE: wedergeboorte/bekering ꧂

## 1. 'N SPAARSAMIGE BEGROTING

Bly binne jou begroting en maak seker om elke maand iets weg te sit vir wanneer nodig — dit geld nie net vir jou finansies nie maar ook vir waar, met wie, en hoe jy jou gevoel van omgee, deernis, en liefde spandeer. Soms gee ons soveel dat ons leegloop en niks meer hét om te gee nie. Vind 'n gesonde balans (i.e begroting)

### MY-TREND-TO-SPEND-REBOOT

**"Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid, want 'n mens se lewe is nie afhanklik van die oorvloed van sy besittings nie."** (Lukas 12:15)

---

## 2. NEEM VERANTWOORDELIKHEID

Wat is die bron van jou frustrasie en irritasie ... en wie is daarvoor te blameer? Hoeveel mense en situasies gaan ons opnoem en verwyt voor ons gaan begin om verantwoordelikheid te vat vir elke emosie wat ons ervaar. Neem verantwoordelikheid vir jou aksies en reaksies. Neem verantwoordelikheid vir wat tussen jou ore aangaan en neem 'n besluit om met meer liefde oor te loop as wat jy gal braak.

### MY-RESPONSIBILITY-FOR-POSSIBILITY-REBOOT

**"Raak saam met alle ander slegte dinge ontslae van alle bitterheid, woede, wraak, geskel en gevloek. Wees eerder vriendelik met mekaar. Gee vir mekaar om. Vergewe mekaar soos God julle vergewe het in Christus."** (Efesiërs 4:31)

---

## 3. GELUKKIG IS HULLE WAT NOG KAN HUIL

*"Gister het ek gehuil omdat ek seer het en omdat ek kwaad is. Omdat die seer en die kwaad nêrens het om heen te gaan nie, behalwe dieper en dieper in die pyn in wat dit alles veroorsaak het en wanneer die pyn so diep is dan maak dit 'n ander seer in jou wakker. Ek het gehuil omdat ek nooit huil nie. Ek het gehuil omdat ek nie meer weet wie ek is nie. Ek het met my siel gister gehuil en dit het goed gevoel. Dit was so verskriklik sleg en tog het ek in die middel van my trane 'n soort vryheid beleef want gister het ek gehuil met 'n agenda." — brief: 1999*

### MY-RELEASE-AND-RELIEVE-REBOOT

**"... 'n tyd om te huil, 'n tyd om te lag,**
**'n tyd om te treur, 'n tyd om van blydskap te dans."** (Prediker 3:4)



# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ ENDLESS NIGHT — FROM: THE LION KING ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo.*
*Daarom is daar nou vrede tussen ons en God*
*deur ons Here Jesus Christus.*
*Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry*
*tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan.*
*En ons verheug ons ook in die hoop*
*om deel te hê aan die heerlikheid van God.*
*Dit is egter nie al nie.*
*Ons verheug ons ook in die swaarkry,*
*want ons weet: swaarkry kweek volharding,*
*en volharding kweek egtheid van geloof,*
*en egtheid van geloof kweek hoop;*
*en dié hoop beskaam nie,*
*want God het sy liefde in ons harte uitgestort*
*deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.*

***— Romeine 5:1-5 —***

---

## Be the Awareness of the Presence of God

~ DIE TAAL VAN MY HART ~
— STEF BOS & AMANDA STRYDOM —